Kenweb Oplossings Bk CK1997/013220/23
Lede A en E van den Berg
Tel 053 2070045 faks 053 2070292 Posbus 109 Orania 8752
Webwerf www.kenweb.co.za Vonkpos kenweb@kenweb.co.za

© Kopiereg voorbehou

Graad 2

Graadhandleiding vir alle vakke

Doel van die dokument

Die doel met hierdie dokument is om 'n ouer/onderwyseres leiding te gee om 'n graad 2 kind te help met al die werk wat in graad 2 gedoen word.
Dit bestaan uit 'n voorgestelde weekprogram wat tydsgewys aantoon wat elke dag van die week gedoen kan word. 'n Beplanningsvorm word ook verskaf waarop die kind sy rekenaartyd se werk beplan. In die vakgidse word in besonderhede vir die ouer/onderwyseres voorgestel watter aktiwiteite per vak gedoen kan word. Op die doelwitvelle kan die werk wat die kind gedoen het, afgeteken word.

* Hierdie graadhandleiding voldoen aan die vereistes van Kenweb se ervaringsfondamente.

Uittreksel

Inhoudsopgawe

Inleiding: Selfgedrewe op hierdie ouderdom 3

Apparaat benodig 5

Voorgestelde weekprogram 6

Vakgidse
- Afrikaans en Lewensvaardighede (werk saam in temas) 8
- Afrikaanse lees 12
- Tabel van temas vir Afrikaans en Lewensvaardighede 13
- Bybelonderrig 35
- Engels 40
- Kunsopvoeding 43
- Liggaamsopvoeding 48
- Musiekopvoeding 51
- Skrif 56
- Spelling en woordbou 87
- Wiskunde 106

Beskrywing van rekenaarprogramme wat afsonderlik beskikbaar is
- Rekenaarinoefenprogram vir spelling 110
- Rekenaar-Kenwebvaardighede 110
- Rekenaarprogram vir Visuele Persepsie 110
- Rekenaartik 110
- Rekenaarwiskunde 111
- Rekenaarprogram: Wiskundekombinasies 111
- Rekanaarprogram: Ken jou tafels 111

Beplanningsvorm vir kind om rekenaarwerk te beplan 112

Riglyne vir die gebruik van Kenweb se Aanvangsonderrig-graadhandleidings vir meer as een graad gelyktydig 113

Uittreksel

Bylae

Doelwitvelle vir elke vak (aparte pakkie wit vorms)

- Beplanningsvorm vir rekenaarwerk 1
- Afrikaans 2
- Lewensvaardighede 3
- Bybelonderrig 4
- Kunsopvoeding 5
- Liggaamsopvoeding 6
- Musiekopvoeding 8
- Skrif 9
- Wiskunde 12

Apparaat benodig

Die belangrikste apparaat wat vir die program benodig word, is die volgende:
'n Swartbord waarop die ouer/onderwyseres kan skryf. Dit hoef nie baie groot te wees nie, maar is belangrik omdat dit 'n vaardigheid oefen om op te kyk en ver te sien en dan weer af te kyk en naby te sien. Dit is sowel vir die oë as vir oriëntasie 'n aanpassing, want die letters wat op die bord vertikaal wys, moet horisontaal op die boek oorgedra word.

Kleiner apparaat
Stomppuntskertjie, vetkryt, bordkryt, ‘n swartbord(jie) vir kind om woordsomme op uit te werk, ou tydskrifte, papier, gom, speelklei, groterige plastiekbal, tennisballe, boontjiesakkie, knope, appelkoospitte, ander klein voorwerpe, kassetspeler, kassette, roomysstokkies, kleurpotlode, HB potlood, uitveër, skerpmaker

Skryfboeke benodig
'n Skrif met een kant lyntjies en een kant skoon vir Afrikaanse skryfwerk en die Lewensvaardighede-aktiwiteite wat skryfwerk vereis.
2 skrifte met skoon bladsye, een vir die teken van prentjies van Bybelonderrig en die ander vir Wiskunde handboekaktiwiteite
3 skrifte met waterlyne, een vir Skrif, een vir Spelling en een vir Woordbou
'n Blokkiesboek

Hierdie jaar word alle skryfwerk nog met potlood gedoen.

Uittreksel

Voorgestelde weekprogram graad 2

Maandag

08:00	Bybel
08:20	Nuus, praat oor die dinge wat die naweek gebeur het
08:45	Wiskunde telaktiwiteite, woordsomme
09:10	Skoonmaaktyd
09:30	Pouse
10:00	Wiskunde handboekaktiwiteite
10:15	Skrif
10:45	Spelling en woordbou
11:15	Afrikaans bespreking
11:30	Lewensvaardighede: Geskiedkundige aspek
11:45	Engelse mondeling
12:00	Pouse
12:30	Lees
12:45	Rekenaarwerk
13:15	Opruim en afsluit

Dinsdag

08:00	Bybel Teken enige van die vorige week se verhale in Bybelboek
08:30	Wiskundige telaktiwiteite, woordsomme
08:45	Wiskunde handboekaktiwiteite
09:10	Skoonmaaktyd
09:30	Pouse
10:00	Skrif
10:30	Spelling en woordbou
11:00	Liggaamsoefening
11:15	Afrikaans taalaspek
11:30	Lewensvaardighede: Gesondheidsaspek
11:45	Engelse storie voorlees ook Engels lees
12:00	Pouse
12:30	Lees
12:45	Rekenaarwerk
13:15	Opruim en afsluit

Uittreksel

Vakgids: Afrikaans en Lewensvaardighede

In hierdie deel word verduidelik hoe die Lewensvaardighede en Afrikaanse aspekte aangepak word. Hierby hoort die doelwitvelle met die titels: "Kyk hoe vorder ek met Lewensvaardighede se aktiwiteite " en "Kyk hoe vorder ek met Afrikaanse Skryfwerk". Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke week afgeteken sodra die week se aktiwiteit of skryfwerk afgehandel is. In die algemene hersieningsweke word geen aktiwiteite of skryfwerk gedoen nie.

Dit is belangrik om wanneer op die doelwitvel afgeteken word, met die kind te gesels oor hoeveel hy al gedoen het en soms ook terug te dink aan lekker dinge wat al gedoen is.

Doel van Afrikaans

Die doel met Afrikaans is om die kind geleentheid te gee om homself mondelings en skriftelik in sy moedertaal uit te druk en ook meer van die woordeskat en gebruike van die taal te leer. Dit vind in die eerste twee jaar veral, heel informeel plaas.

Doel van Lewensvaardighede

Die doel met lewensvaardighede is om die kind bekend te stel aan die wêreld om hom en aan hom vaardighede te leer om doeltreffend in die omgewing te kan lewe. Daarom word baie tyd afgestaan aan besprekings. Deur die besprekings kan die kind kennis bekom en sy houdings oor die onderwerp ontwikkel. Met die aktiwiteite leer hy sekere vaardighede aan en oefen homself in die beheersing van die onderwerp.

Implementering

Die werk wat in hierdie gids aangedui word, neem sowat 'n uur en 'n half van elke werksdag op. Op die vasgestelde tyd word daar bymekaar gesit en vind eers die Lewensvaardighede bespreking plaas. (Dit word verder hieronder uiteengesit). Daarna word die taaltema hanteer, of gaan die kind(ers) na sy werkplek toe en skryf/teken sy Skryfwerk. Op 'n Donderdag begin die kinders dadelik met die aktiwiteit of vertrek op die uitstappie. Uitstappies is baie belangrik omdat dit die kind met die werklikheid in kontak bring en hy ook leer hoe om homself te gedra in sulke omstandighede.

Uittreksel

Herhaling

Hierdie gids maak voorsiening vir aktiwiteite vir graad 1, 2 en 3 vir ouers of klasse waar daar kinders in meer as een graad is. Kinders wat dus nou in graad 2 is, gaan nie volgende jaar die aktiwiteite wat in hierdie gids vir graad 3 gemerk is, doen nie, maar ander soortgelyke aktiwiteite op nuwe temas in die graad 3 gids.

Lewensvaardighede

Uitstallings

In die tabel word daar by elke week 'n idee gegee van 'n uitstalling wat gemaak kan word op 'n tafel in die werkplek. Dit gee die kind(ers) meer betrokkenheid by die tema en kan algaande uitgebou word. Dit is verkieslik dat die kind(ers) items vir die uitstalling versamel gedurende die naweek en dit dan Maandagoggend help uitstal. 'n Opskrif vir die tafel is baie belangrik. Dit kan groot met die hand geskryf of getik word, maar moet saam met die kind(ers) gelees word wanneer dit op op bo die tafel geplaas word.

Besprekings

Elke dag word die betrokke onderwerp uit 'n ander hoek bespreek, aan die een kant ter wille van interessantheid, maar aan die ander kant om die omvattendheid van ons omgewing tot sy reg te laat kom. Die verskillende hoeke is geskiedkundig, aardrykskundig, natuurwetenskaplik en uit 'n gesondheidshoek. By elke dag is daar 'n spesifieke aanduiding gegee wat die onderwerp vir die dag is.

Temas tweede jaar

Week	Onderwerp vir lewensvaardighede	Afrikaans
1	**Vervoermiddels: Vir kinders** **Uitstalling:** Prentjies van driewiele, skopfietse en plastiek motorfietse waarop kinders ry, klein fietse. **Geskiedkundig:** Maak van, en speel met 'n kaskar **Gesondheid:** Veilige plekke om te ry, veral as daar kleiner kinders by is. **Aardrykskundig:** Waarom is dit moeilik om met 'n driewiel, skopfiets of fiets op gras te ry, maar maklik op sement en vasgetrapte grond? Waar is, of word daar gewoonlik met 'n kaskar gery, waarom daar? **Alg. Natuurwetenskaplik:** Waardeur word die beweging van die voertuig veroorsaak – skopkrag, trapkrag. Trap van 'n driewiel op sy voorwiel – wiel gewoonlik groter as agterwiele. Fiets se trappe tussen die twee wiele. **Aktiwiteite:** Gr 1: Sny 'n prentjie van 'n driewiel of fiets in dele op en gee aan die kind(ers) die dele om dit weer op 'n ander papier reg vas te plak. Gr 2: Plak ook die dele van 'n driewiel of fiets as 'n geheel en skryf dan by elke deel wat dit is. Gr 3: Gee aan die kind(ers) 'n mooi groot skets of prentjie van 'n fiets en laat hulle al die dele se name in besonderhede neerskryf langs die deel.	**Bespreking:** Waarom droom kinders van kleins af om 'n driewiel/motorfietsie/skopfiets/fiets te kan besit? **Taalkundig:** Meervoude: fiets – fietse; wiel – wiele; kaskar – kaskarre; trap – trappe; kind – kinders. **Skryfwerk:** Gr 1: Teken jou eie fiets. Gr 2: Skryf vier of vyf sinne oor waar jy graag met jou fiets ry. Gr 3: Skryf 'n paragraaf oor 'n kind wat met sy fiets by hulle erf uitgery het. **Woordeskat:** Driewiel, fiets, skopfiets, speel-motorfiets, kaskar, wiel, trap, stuurwiel, handvatsels, grasperk, sement, paadjies, erf, straat.
2	**Vervoermiddels: Vir 'n enkele mens** **Uitstalling:** Prente van verskillende soorte fietse en motorfietse, lap en gom vir die herstel van binnebande, klein fisiese dele van 'n fiets soos 'n klokkie, trukaatsers – wit en rooi, fietsliggie, fietspomp **Geskiedkundig:** Ontwikkeling van die fiets, van fietse sonder trappe / pedale tot die "penny farthing" en huidige fietse, groot sprong toe binnebande ontwikkel is. **Gesondheid:** Belangrikheid van die dra van helmette wanneer motorfiets gery word en selfs ook vir fietsry. Rol van trukaatsers, ligte en klokkies op fietse en motorfietse. **Aardrykskundig:** Waar kom rubber vandaan? Tap van rubber uit rubberbome, verwerking daarvan tot buite en binnebande. Verskillende rolle van buite en binnebande. **Alg. Natuurwetenskaplik:** Waarom het die pomp van lug in binnebande so 'n groot verskil in voertuie se gemaklikheid en werkverrigting gemaak? Hoe hard moet 'n band gepomp word? Hoe werk 'n fietspomp? **Aktiwiteite:** Gr 1, 2 en 3: Lap 'n gaatjie in 'n binneband. Toets eers waar die gaatjie is in 'n skottel met water (buite). Skuur die plekkie skoon, smeer gom aan, sny die regte grootte lappie, smeer gom aan, wag die regte hoeveel-heid tyd en plak dan vas. Hou baie stewig vas vir die aangewese tyd.	**Bespreking:** Waarom is 'n motorfiets of bromponie 'n nuttige vervoermiddel vir iemand wat alleen ry, waarom is dit ook 'n gevaarlike voertuig? **Taalkundig:** Teenoorgesteldes: veilig – onveilig; gemaklik – ongemaklik; nodig – onnodig; gerus – ongerus; rustig – onrustig; kundig – onkundig **Skryfwerk:** Gr 1: Teken 'n rubberboom met bakke waar rubber getap word. Gr 2: Skryf neer hoe jy jou fietsband gelap het. Gr 3: Verbeel jou jy is die vervaardiger van die lap en gom-stelletjie vir die lap van binnebande. Skryf die instruksies vir die gebruik van die lap en gom stapsgewys neer. Nommer elke stap. **Woordeskat:** rubber, gom, lap, binneband, buiteband, fietspomp, banddruk, klokkie, trukaatser, lig, motorfiets, helmet.

Uittreksel

3 Vervoermiddels: Vir gesinne

Uitstalling: Verskillende speelgoedkarretjies: motors, kombi's, bakkies, 4x4's.
Geskiedkundig: Ontwikkeling van die motor, rol van bv. Ford daarin (vervolg volgende week)
Gesondheid: Gedrag van passasiers in motor: moenie die bestuurder se aandag aftrek nie, gordel vas.
Aardrykskundig: Bou van paaie, brûe, passe geskik vir motors.
Alg. Natuurwetenskaplik: Vereenvoudigde werking van 'n motorenjin.
Aktiwiteite: Gr 1: Soek 'n prentjie van 'n voertuig wat jy graag sal wil hê, knip dit uit en plak in jou boek.
Gr 2: Soek ook 'n prentjie van 'n voertuig wat jy graag sal wil hê, plak dit in jou boek en skryf twee sinne daarby waarom jy graag een van hulle wil hê.
Gr 3: Teken 'n prentjie van jou ideale voertuig en skryf 'n verduideliking by van al die dinge wat spesiaal en anders aan dié voertuig sal wees.

Bespreking: Kan ons gesin sonder 'n motor/ twee motors, klaarkom?
Taalkundig: Byvoeglike naamwoorde wat vir motorkleure gebruik word: soos metaalblou, bottelgroen, knalrooi, silwergrys, ougoud, ens.
Skryfwerk: Gr 1: Teken julle gesin se motorkar
Gr 2: Skryf 'n paar sinne oor 'n reis wat julle gesin onderneem het.
Gr 3: Skryf 'n paragraaf van iets wat eenkeer met julle gesin gebeur het toe julle gery het.
Woordeskat: motor, kombi, bakkie, 4x4, bestuurder, passasier, enjin, enjinkap, silinder, petrol, dryfas

Uittreksel

Vakgids: Bybelonderrig

In hierdie deel word die Bybelgedeeltes aangegee wat daagliks gelees kan word in die Bybelonderrig. Daar word vier leesstukke vir elke week gegee sodat een dag gebruik kan word vir tekenaktiwiteite. Hierby hoort die doelwitvel met die titel "Kyk hoe vorder ek met Bybeltekenaktiwiteite". Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke week afgeteken sodra die week se tekenaktiwiteit afgehandel is.

Doel

Die doel met Bybelonderrig is om die kinders vertroud te maak met die inhoude van die Bybel. Daarom word 'n kronologiese verloop gevolg en word Ou sowel as Nuwe Testamentiese dele die jaar behandel.

Daar word aanvaar dat huisgodsdiens of skoolopeninge bo en behalwe Bybelonderrig elke dag gedoen word, waar die toepassing van die Christelike beginsels op elke dag se lewenswyse ter sprake kom, daarom gaan dit hier oor kennisinhoud.

Wat om te doen

Lees aan die kind(ers) die voorgestelde gedeelte uit die Bybel voor. Bespreek daarna die mense, gebeure, oorsake en/of gevolge om te kyk of die kinders gehoor en verstaan het wat gelees is. Onthou dit gaan in hierdie lesse veral oor die kennisinhoud. Hou die verband met die vorige dae se werk deur vooraf af te vra: “Wat / Waarvan / Van wie het ons gister geleer?” en miskien 'n inleidingsin soos: “Vandag gaan ons sien wat toe gebeur het. / Vandag lees ons van iets nuuts / iemand anders.” Waar daar langs 'n gedeelte (opgesom) staan, is die stuk gewoonlik te lank vir die kinders om by te hou, maar dit het ook nie soveel inligting dat 'n mens twee dae daaraan wil afstaan nie. Lees dan self die hele stuk vooraf en besluit waar die belangrike inligting lê en lees net daardie verse aan die kind(ers) voor – sonder om konteks te verloor.

Herhaling

Die program word in ‘n siklus van drie jaar opgestel sodat kinders in gr 1, 2 en 3 almal hierdie jaar dieselfde aktiwiteite kan aanpak. Indien 'n mens dus meer as een kind in die fase het, doen 'n mens almal saam hierdie jaar dié werk en dan volgende jaar die werk in die graad 2 vakgids.

Uittreksel

Tyd

Ongeveer 20-30 minute word spandeer aan die lees en bespreking van die gegewe gedeelte. Een dag van die week word gebruik om 'n tekening te maak oor een van die week se gedeeltes. Bo-aan word datum en 'n opskrif geskryf.

Week 1

Eks 15:20-27 Mirjam se lied en bitter water word soet
Eks 16: 1-21 Kos uit die hemel
Eks 16:22-30 Reëlings vir die sabbat
Eks 16:31-36 ‘n Kruik vol manna word bewaar

Week 2

Eks 17: 1-7 Water uit die rots
Eks 17: 8-16 Oorlog teen Amalek
Eks 18: 1-12 Jetro besoek Moses
Eks 18:13-27 Jetro gee Moses raad

Week 3

Eks 19: 1-13 Die Israeliete kom by Sinaiberg
Eks 19:14-25 Die Here praat met Moses op die berg
Eks 20: 1-17 Die tien gebooie
Eks 20:18-26 Die volk vra Moses moet liewer met hulle praat

Week 4

Eks 32:1-14 Die goue kalf
Eks 32:15-26 Die goue kalf (vervolg)

Vakgids: Kunsopvoeding

In hierdie deel word verduidelik hoe om u kind(ers) te laat kuns doen. Hierby hoort die doelwitvel met die titel: “Kyk hoe vorder ek met kuns.” Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke week afgeteken sodra die week se kunsaktiwiteit afgehandel is. Die uitstappies wat op die aftekenvel voorkom verwys na uitstappies wat vir Lewensvaardighede onderneem word en gewoonlik soveel tyd in beslag neem dat daar nie tyd is vir kuns nie. Ook in die algemene hersieningsweke word geen kuns gedoen nie.

Dit is belangrik om wanneer op die vorderingsvel afgeteken word, met die kind te gesels oor hoeveel hy al gedoen het en soms ook terug te dink aan lekker dinge wat al gedoen is.

Doel

Die doel met kunsopvoeding is om kinders te leer om hulleself kreatief uit te druk. Dit is nie tekenlesse nie, eerder handvaardigheid en die uitdrukking van gedagtes in ‘n konkrete vorm.Oog-handkoördinasie word met alle kunsaktiwiteite geoefen. Kunsopvoeding gee 'n kind die geleentheid om te waag en te kyk of die konsep wat hy het, goed uitwerk. Daarom moet 'n mens nie baie inmeng as die kind besig is om te skep nie, tensy hy natuurlik 'n gevaarlike ding doen of sommer net mors. Dit is belangrik om die kind aan te moedig om onafhanklik te dink. Agterna kan die taak in oënskou geneem word en kan konstruktiewe kritiek gelewer word. Waardering vir elke kunswerk is egter baie nodig. Wys dat jy van die werk hou en praat met die kind daaroor. Lei die kind om die klem veral te laat val op die skoonheid van die voorwerp of kunswerk. 'n Kind moet ook self kan verklaar *hoekom* iets vir hom mooi is. So ontwikkel kunswaardering.

Wanneer dit by skets en teken veral, maar ook modellering en verf kom, is dit belangrik dat hulle leer om fyn waar te neem met soveel moontlik sintuie. Laat kinders dus toe om dinge aan te raak en te bevoel, daaraan te ruik en selfs, indien prakties, daaraan te proe. Hierdie stap kan bv. tydens 'n uitstappie gedoen word en dan kan die kind die ervaring herroep wanneer hy met 'n kunsaktiwiteit besig is. Sinvolle waarneming lei ook tot kennis en begrip van ander mense se kunswerke.

Herhaling

Die program word in ‘n siklus van drie jaar opgestel sodat kinders in gr 1, 2 en 3 almal hierdie jaar dieselfde aktiwiteit kan aanpak.

Uittreksel

Integrering

Waar die Lewensvaardighedeprogram ‘n aktiwiteit het wat dieselfde doel as bogenoemde dien, neem dit gewoonlik langer as die gewone tyd en word die aktiwiteit ook as kunsopvoeding gedoen.

Kunsopvoeding word op Donderdae gedoen om saam met die aktiwiteite vir Lewensvaardighede te val, en verval as ‘n uitstappie onderneem word, omdat dié ook gewoonlik heelwat tyd in beslag neem. Vir die aard van die uitstappies: kyk op die Afrikaans en Lewensvaardighedeprogram.

Voorgestelde aktiwiteite

Week 1

Maak 'n skouersakkie. Neem 'n stuk lemoen- of pampoensakkie van 30 x 20 cm. Gebruik dik oorskietwol van verskillende kleure en 'n stomppuntnaald en weef 'n patroon oor die hele sakkie. Die eenvoudigste weefwerk is waar ewe groot steke, bv. vyf blokkies groot, oor die hele basis gewerk word. Anders kan groter en kleiner steke afgewissel word. Wanneer die basis klaar versier is, vou dit in die lengte middeldeur en werk aan die kant en onder vas. Maak 'n handvatsel van tou wat lank genoeg is om oor die skouer te hang en werk dit deeglik vas.

Week 2

Gebruik lekker dik vingerverf en versier 'n netjiese karton waarin die jaar se kunswerke, boeke en ander skoolgoed by mekaar gehou kan word. Resep vir vingerverf: 1 k meel, 1 k suiker, 1 k koue water, 1 k kookwater. Meng die meel en koue water. Voeg dan die kookwater by en verhit tot 'n gladde tekstuur bereik word. Voeg dan die kookwater by en verhit tot kookpunt. Om die vingerverf te kleur, kan verfpoeier gebruik word. Die ongekleurde verf kan ook op die artikel gesit word en poeierverf dan daaroor gesprinkel word. So kan die kind sy eie vingerverf meng.

Vakgids: Musiekopvoeding

In hierdie deel word verduidelik hoe om u kind(ers) te laat musiek doen en beleef. Hierby hoort die doelwitvel met die titel: “Kyk hoe vorder ek met musiek.” Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke week afgeteken sodra die week se musiekaktiwiteit afgehandel is.

Dit is belangrik om wanneer op die vorderingsvel afgeteken word, met die kind te gesels oor hoeveel hy al gedoen het en soms ook terug te dink aan lekker dinge wat al gedoen is.

Doel

Die doel met musiekopvoeding is om die sinvolle kommunikasie tussen mense deur musiek te beleef en self daaraan mee te doen. Dit is 'n noodsaaklike deel van die totale opvoeding van die kind, want dit bied die kind 'n geleentheid om sy emosies, kennis en belewenisse uit te druk anders as deur te praat.

Sake om in gedagte te hou

Dit is baie belangrik dat musiekopvoeding altyd 'n genotvolle ervaring moet wees en dit is net moontlik as die ouer/onderwyseres entoesiasties is oor wat in hierdie tyd gedoen word.

Die mikpunt van sing is om suiwer en soet te sing en daarom moet skree-sing ten alle koste vermy word. Dit plaas in elk geval onnodige spanning op die stembande.

Musiekopvoeding omvat vier komponente wat voortdurend afgewissel word, nl. luisteraktiwiteite, sing, musiek en beweging en instrumentale spel. Vir instrumentale spel is dit baie lekker as 'n mens 'n driehoekie, 'n tamboeryn, 'n ratel en 'n trom kan hê. Indien te duur om aan te koop, kan meeste daarvan tuisgemaak word. Instrumente van kombuisapparaat kan ook goed werk. Twee stokkies waarmee die ritme getik word is maklik om te kry.

Musiektyd kan soms net aan een komponent gewy word en ander kere weer aan twee of selfs meer. Die begin van die les hoef amper nooit formeel aangekondig te word nie. Die juffrou of ouer gaan sit eenvoudig op haar stoel by die mat en begin sing, die kinders sing saam en kom bymekaar; of sy skakel 'n kasset aan met die inleidingsmusiek van les en dit dien as teken vir die kinders dat hulle bymekaar moet kom.

Uittreksel

Wanneer musiek en beweging gedoen word, is dit baie belangrik om kinders geleentheid te gee om spontaan te beweeg en hulle eie uitdrukking aan die musiek te gee. Later kan hulle geleer word om te wals en soms kan 'n eenvoudige volkspele(dansie) ook aangeleer word. Die beweging op musiek kan met die hele liggaam gedoen word, of net met sekere liggaamsdele, soos die arms, die hande of die kop. 'n Groot verskeidenheid bewegings is moontlik met die hande: klap, tik op bene of die grond, vingers klap, vloeiende handbewegings, instrument (soos trom) speel.

In die voorstelle hieronder word slegs die hooftrek van die les gegee. Die begin en afsluiting word self uitgewerk om by persoonlike omstandighede te pas. 'n Ouer of onderwyseres wat klavier of 'n ander instrument kan bespeel, het natuurlik 'n groot voordeel, maar die afwesigheid daarvan hoef nie die musiekopvoeding te benadeel nie.

Herhaling

Die program word in ‘n siklus van drie jaar opgestel sodat kinders in gr 1, 2 en 3 almal hierdie jaar dieselfde aktiwiteit kan aanpak.

Voorgestelde aktiwiteite

Week 1

Laat die kind(ers) rustig op die mat lê met toe oë en na mooi klassieke musiek luister. Luister sowat 2-3 minute en laat die kind(ers) regop sit en vertel waaraan die musiek hulle laat dink. Onthou, daar is nie reg of verkeerd nie. Kinders is soms moedswillig met hulle antwoorde en daarop kan 'n mens negatief reageer deur te sê, dis darem vergesog, verduidelik 'n bietjie hoe jy dit hoor. As hy dan nie 'n behoorlike antwoord kan gee nie, verloor hy geloofwaardigheid en sal hy moontlik in die vervolg versigtiger wees met sy antwoord. Gee hulle weer kans om nou langer te luister en bespreek hulle ervaring aan die einde.

Vakgids: Skrif

In hierdie deel word verduidelik hoe om u kind te leer skryf. Daarby kry u 'n vel met die titel: “Kyk hoe vorder ek met skryf.” Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke dag afgeteken sodra die dag se werk afgehandel is. Lees vir die kind die opskrifte op die aftekenvel (by weke 1, 11 en 25) sodat hy ook daarmee 'n oorsig kry oor die werk waarmee hy besig is.

Doel van skrif

Die doel van skrif is om die kind te lei om 'n goeie, leesbare, duidelike handskrif aan te kweek. Om dit suksesvol reg te kry, moet hy die korrekte houding hê, die boek reg voor hom neersit en die skryfding reg vashou.

Die korrekte sithouding

Die ideaal is om op 'n stoel te sit wat laag genoeg is dat die voete gemaklik op die grond kan rus. Die tafel moet dan net so hoog wees dat die voorarm gemaklik daarop kan beweeg sonder dat die rug onnodig buig of die skouer moet oplig. Die oë moet ongeveer 30 cm van die boek of papier af wees.

Die boek se plek

Die regshandige kind sit sy boek of papier aan die regterkant van die middelpunt van die liggaam en hou die boek teen 'n hoek van 15-20º met die onderste rand van die tafel.

Die linkshandige kind sit sy boek aan die linkerkant van die middel van die liggaam. Die boek moet skuins na regs gedraai te word met 'n hoek van 50º met die tafelrand. Die hoek is baie belangrik anders kan die kind se pols ombuig en kan hy 'n ongewenste handposisie gebruik.

Skryfinstrumente

Die potlood word net met die duim en middelvinger van die skryfhand vasgehou terwyl die wysvinger liggies daarop rus, sodat die potlood met 'n gemaklike beweging oor die papier getrek (regshandiges) of gestoot (linkshandiges) word.



Vingeroefeninge

Voor elke skrifles word eers een of twee vingeroefeninge gedoen. Wissel dit na willekeur af. “Braingym” is ook baie nuttig.

Klavierspeel op die tafel

Speel gelyktydig met altwee hande op 'n denkbeeldige klavier op die tafel. Sorg dat alle vingers speel. Elke kind speel na willekeur met sy vingers.
Geordende klavierspeel
Soos bo, maar onderwyseres/ouer sê voor: Duim, *(tik met die duim op die tafel)* een *(tik weer)*, twee *(tik weer)*, voorvinger, een, twee, middelvinger, een, twee, ringvinger, een, twee, pinkie, een, twee. Eers net regterhand, dan linkerhand, dan albei hande saam. Later kan vingers en hande deurmekaar geoefen word, bv. links voorvinger, een, twee, regs pinkie, een, twee, links ringvinger, een, twee, ens.

Frommeloefening
Gebruik 'n ou telefoongids. Maak die boek oop op die tafel voor die kind. Hy sit dan elke hand op 'n bladsy en frommel die bladsy op, sonder om dit te skeur. Net daarna word die gefrommelde bladsy weer platgestryk, gebruik al die vingers van 'n hand gelyktydig op 'n bladsy daarvoor. Blaai om en frommel en stryk nog 'n bladsy glad. Doen so vyf op 'n slag.

Sterretjies skiet
Maak die hande vuiste en skiet die vingers oop. Doen sowat 10 keer agter mekaar.

Tik die vingers
Tik twee keer met die duim op die voorvinger, dan met die duim op die middelvinger, dan op die ringvinger en dan op die pinkie. Doen hande apart en dan gesamentlik. Vir afwisseling kan die vingervolgorde later na willekeur verander word en meer as een keer teen elke vinger getik word.

Ontspanne krabbeloefeninge
Op 'n rofwerkpapier kan vir 'n minuut of twee ontspanne krabbels gemaak word. Dit is veral vir die linkshandige kind belangrik om 'n natuurlike beweging van die potlood te verseker en die korrekte greep van die skryfinstrument by almal in te skerp.

Skud altyd die hande saggies los na die oefeninge.

Musiek en motivering
Rustige klassieke musiek is bevorderlik vir 'n rustige, ontspanne skryftyd.

Die kind moet aangemoedig word om sy bes te probeer om die letter reg te vorm. Die regte beginplek is die heel belangrikste in die aanleer van 'n letter omdat dit die aanleer van verdere soortgelyke letters vergemaklik.

Prys die kind se pogings. Probeer om nie te sê: "Nee, dis verkeerd nie," behalwe as die kind duidelik moedswillig is. As die kind enigsins probeer, wys hom vriendelik hoe om dit nog beter reg te kry. Lê klem om die aspekte of letters wat hy reg kry. Indien 'n mens skrif negatief benader, raak die kind(ers) soms so benoud dat hulle glad nie wil skryf nie.

Vrydae
Die program is so uitgewerk dat daar vir vier dae van die week skrif uitgewerk is. Op Vrydae skryf die kind(ers) 'n sin of meer uit 'n boek oor. Daarmee word meer natuurlike sinne en ook leestekens by die skrif ingebring. Wanneer daar teen week 25 met lopende skrif begin word, word alle Vrydag skryfwerk en skryfwerk vir Afrikaans en Lewensvaardighede met los skrif gedoen. Die kinders begin eers in graad 3 lopende skrif as skryfmetode gebruik.

Uittreksel

Dae oorslaan
Indien daar op 'n dag nie skrif gedoen kan word nie, moet daar die volgende dag met die volgende letter aangegaan word, moenie bv. as Dinsdag uitgeval het met Woensdag aangaan en Dinsdag se letter oorslaan nie. Die volgorde waarin die letters geleer word, is baie belangrik. Die dag se werk wat nie gedoen is nie, kan op 'n Vrydag ingehaal word. Moet dus nie deurmekaar werk om by die dagname te hou nie – verander die dagname en nie die volgorde nie.

Week 1 tot 10
Hersiening van patrone en kleinletters

Gebruik 'n 8,5 mm lyntjie-boekie en skryf met 'n gewone HB-potlood. Indien die kind nog baie sukkel, kan hy in 17 mm lyne werk en 'n dik potlood gebruik. Dan moet daar gepoog word om teen week 9 genoeg beheer te hê sodat hy van week 11 in die smaller lyntjies kan skryf

Week 1

Maandag

Stappe

- Musiek aan
- Vingeroefeninge: Soos bo gegee
- Skryf soos langsaan 'n hele lyntjie vol van elke voorbeeldlyntjie.



Dinsdag

Stappe

- Musiek aan
- Vingeroefeninge: Soos bo gegee
- Skryf soos langsaan 'n hele lyntjie vol van elke voorbeeldlyntjie.



Woensdag

Stappe

- Musiek aan
- Vingeroefeninge: Soos bo gegee
- Skryf soos langsaan 'n hele lyntjie vol van elke voorbeeldlyntjie.

Donderdag

Stappe

- Musiek aan
- Vingeroefeninge: Soos bo gegee
- Skryf soos langsaan 'n hele lyntjie vol van elke voorbeeldlyntjie.



Week 2

Maandag

Stappe

- Musiek aan
- Vingeroefeninge: Soos bo gegee
- Skryf soos langsaan 'n hele lyntjie vol van elke voorbeeldlyntjie.



Uit...

Vakgids: Spelling en woordbou

Die spelling- en woordbouaktiwiteite wat hieronder aangegee word, word as deel van die onderrigtyd gedoen en die rekenaarprogram vir spelling word dan in die rekenaarhalfuur van die dag volgens die kind se beplanning, gebruik om die kennis vas te lê, soos verduidelik op die doelwitvel wat saam met die rekenaarprogram vir spelling verskaf word.

Geen doelwitvel word vir hierdie aktiwiteit gegee nie, omdat aanvaar word dat die kind se aandeel op die rekenaarprogram se doelwitvelle afgeteken word.

Die woordbou-aktiwiteite word op dag 1 gedoen en is daarop gemik om die kind se begrip van die vorming van woorde deur klanke te bevorder. Om spelwoorde te kan neerskryf, moet 'n kind leer om na woorde te luister, hulle te klank en die klanke in die regte volgorde neer te skryf. Hierdie werk is ook belangrik vir die bevordering van lees. Hoe beter 'n kind die samesmelting van klanke soos t en e tot te k en l tot kl inoefen, hoe makliker lees hulle woorde wat met dié samestellings begin. 'n Mate van taalvaardigheid word ook deur die latere woordbou-aktiwiteite bevorder. Gebruik 'n aparte boekie om die woordbou-aktiwiteite in te doen. Alle aktiwiteite eindig egter nie noodwendig met 'n skriftelike opdrag nie. Dis ook belangrik om soms net op die klank van woorde te konsentreer.

Wat die spelwoorde betref, is dit baie belangrik dat die kinders die woorde moet begryp en in konteks kan gebruik. Daarom maak die rekenaarprogram ook daarvoor voorsiening. Wanneer die woorde dus op dag 2 aan die kinders bekend gestel word om af te skryf moet die betekenis ook beklemtoon word. Terwyl die woord geskryf word, kan die ouer/onderwyser of een van die kinders 'n kort sinnetjie met die woord maak. In die rekenaarprogram is daar ook eers sinnetjies wat hulle help om die woord en sy betekenis bymekaar te kry en dan word die spelling ingeoefen en op die rekenaarprogram se doelwitvel afgeteken.

Week 1

Dag 1
Woordbou-aktiwiteite
Hersiening van klanke Wys aan die kind(ers) kaartjies/papiertjies met die verskillende klanke op. Maak seker dat hulle elkeen paraat ken. Indien dit nog nie die geval is nie, gaan terug na die klank aanleer aktiwiteite in die graad 1-boek en oefen die klanke wat die kind nog nie ken nie. Los dan eers die woordbou-aktiwiteite wat in die volgende week of wat gegee word en sorg dat elke kind baie seker is hoe elke klank gesê word as hy die klank sien. Gebruik ook ekstra tydjies om hierdie vaardigheid so vinnig moontlik vas te lê. In 'n klas, kan die kinders in groepe gedeel word, dié wat die klanke reeds ken, gaan aan met die woordbou-aktiwiteite en dié wat nog sukkel word gehelp om die klanke vas te lê. Gee vir die kinders die kaartjies en laat hulle drie-letterwoorde bou soos kan, sap, rot, wal, ens. Die mate van hulp wat gegee word, hang af van die kind. As hy self aan woorde kan dink, hulle kan bou en dan kan teruglees, is dit gaaf. Anders kan 'n mens saam aan 'n woord dink, wat hy dan kan bou en lees. Indien hy daarmee sukkel, kan 'n mens saam aan 'n woord dink en hom dan help om die woord te bou en dit terug te lees.

Uitneem

Dag 2
Bekendstelling van die spelwoorde

baai, haai, kaai, laai, maai, raai, saai, taai, waai

- Skryf die woorde op die bord en laat die kind(ers) dit afskryf en op die betekenis fokus.
- Teken af op die spellingprogram (rekenaarprogram) se doelwitvel

Dag 3 en 4
Kort woordbou-aktiwiteite
Gebruik die kaartjies met die klanke, die kind(ers) bou weer drie-letterwoorde daarmee en lees dit.

Dag 5
Speltoetsie
- Lees die woorde (of party na gelang van beskikbare tyd) hardop en die kind(ers) moet dit neerskryf.
- Teken af op die spellingprogram (rekenaarprogram) se doelwitvel

Vakgids: Wiskunde

In hierdie deel word verduidelik hoe om u kind(ers) te laat Wiskunde doen. Hierby hoort die doelwitvel met die titel: “Kyk hoe vorder ek met Wiskunde.” Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke keer afgeteken sodra die opdragte afgehandel is.

Dit is belangrik om wanneer op die vorderingsvel afgeteken word, met die kind te gesels oor hoeveel hy al gedoen het en soms ook terug te dink aan wat al bereik is.

Doel

Die doel met Wiskunde is om die fasette van die lewe te leer ken waar Wiskunde 'n rol speel. Dit sluit onder andere die gebruik van logika, simbole en abstrakte begrippe in.

Handboek

Die handboek **Moderne Basiese Wiskunde Graad 2** deur Ansie du Toit en Gert van der Westhuizen uitgegee deur Maskew Miller Longman, word voorgeskryf . Die onderwysershandleiding wat daarmee saamgaan: **Gebruik so Moderne Basiese Wiskunde Junior Primêre Onderwysgids** deur dieselfde skrywers en uitgewers, word ook baie sterk aanbeveel. Lees die inleidings en voorwoorde van beide boeke om 'n goeie begrip te kry waarheen gemik word met Wiskunde op hierdie vlak. Die onderwysersgids is dieselfde boek vir graad 1, 2 en 3.

Herhaling

Hierdie program is spesifiek gerig op graad 2's en verskil van die programme vir die graad 1's en 3's en word dus nie soos sommige ander aspekte in 'n siklus van drie jaar aangebied nie.

Differensiëring

Soos ook in die handboek en onderwysgids aangetoon, is dit baie belangrik om elke kind op sy vlak te ontmoet en vandaar af te vorder.

Daarom moet die ouer/onderwyser sorg dat elke kind die opdragte goed begryp en kan doen. Wiskunde moet 'n uitdaging bly, die kind(ers) wat sukkel moet genoeg oefening en hulp op hulle vlak kry en dié vir wie dit maklik is, kan meer doen en vinniger werk as wat hier gegee word en moet nooit teruggehou word nie.

Uittreksel

Aktiwiteite

Telaktiwiteite

Telaktiwiteite is die basis van meeste wiskundige begrippe. Daarom word daar drie oggende van die week met telaktiwiteite begin. Die kind wat een aktiwiteit maklik reg kry moet uitgedaag word met moeiliker opdragte, terwyl die kind wat 'n maklike aktiwiteit nog nie regkry geoefen moet word tot dit vasgelê is, al word daar nie naastenby by al die ondergenoemde aktiwiteite uitgekom nie. Wissel egter die aktiwiteite af om dit interessant te hou, maar bly in 'n klein getalgebied, bv. aan die begin net tussen 1 en 10 en dan stelselmatig verder. In graad 2 word dieselfde telaktiwiteite gedoen maar nou in 'n groter getalgebied. Kind(ers) behoort noual gemaklik tot by 34 en later in die jaar tot by 104 te kan werk; maar weer eens moenie die kind wat sukkel, druk nie. Wees geduldig en sorg liewer dat hy die aktiwiteite goed onder die knie kry. Die Wiskundekombinasies-rekenaarprogram kan hier van groot hulp wees, want daarmee kry die kind op sy eie tyd soveel oefening as wat hy maar kan kry. Die kind wat egter meer kan doen, moet uitgedaag word om self verder te tel en in al groter spronge.

Beskrywing van rekenaarprogramme wat afsonderlik beskikbaar is.

Rekenaarinoefenprogram vir Spelling

Die rekenaarprogram word gebruik om die spelwoorde wat op Dinsdae bekendgestel is, te oefen.

Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Die metode waarvolgens die spelwoorde gegee en getoets word, verskyn in die vakgids:"Spelling en woordbou" later in hierdie gids.

Rekenaar-Kenwebvaardighede

Die rekenaarprogram is ‘n hulpmiddel om die kind voor te berei vir die manier van werk van graad 4 af.
Dit word gedoen aan die hand van vyf boekies wat oor interessante onderwerpe handel.Dit is baie belangrike oefening vir goeie lees en die ontwikkeling van rekenaarvaardighede.

Dit is belangrik dat die kind eers die boekie as eenheid deurlees om te verstaan waaroor dit handel, voordat die rekenaarwerk aangepak word.

Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Rekenaarprogram vir Visuele persepsie

Die rekenaarprogram van Junior Sergo is ideaal vir die inoefening van visuele vaardighede wat kinders help om Wiskunde en spelling makliker en akkurater te kan doen.

Uittreksel

Daar is vier modules wat elke jaar van graad 0 – 3 met verskillende vereistes deurgewerk word. Die vier modules is visuele diskriminasie: verskille en ooreenkomste; ruimtelike oriëntasie, visuele geheue en visuele opeenvolging.

In elkeen van die modules word prentjies, kleure, vorms, syfers, letters, woorde en sinne op drie moeilikheidsgrade gebruik om die vaardighede mee te oefen.

In graad 2 word die oefeninge in 'n ander volgorde as graad 1 gedoen. Dus vind kinders gewoonlik nie dat hulle die program al uitgeput het nie. In hierdie jaar moet ‘n mens daarna strewe om die doelwitvel deurgewerk te kry, maar as die kind dit nie regkry nie, is dit nie ‘n groot probleem nie. Werklike begrip is belangriker as die blote afteken van oefeninge. Kinders sukkel dikwels met aspekte van die visuele opeenvolging. As hulle dit na twee dae se probeer, nog nie onder die knie kry nie, moet die ouer/onderwyseres die kind na die volgende oefening toe skuif en wanneer die doelwitte almal voltooi is, terugkom na die oefeninge.

Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Rekenaartik

Om met 10 vingers te kan tik is in hierdie eeu ‘n belangrike vaardigheid. Kinders leer dit maklik aan as hulle van die begin af dit reg begin doen. Sorg dus dat u kind die regte vingers vir elke toets gebruik, al neem dit aan die begin langer as die doelwitte, kinders is nie ewe handvaardig nie en dis baie belangriker om dit **reg** te doen as om te “vorder” op die verkeerde manier. Dit bly baie belangrik dat die kind nie die doelwitte ten alle koste sal najaag nie, maar eerstens reg sal leer tik. Daar is nog baie jare oor om vinnig te leer tik.
Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Rekenaarwiskunde

Die program bevestig en bevorder die wiskundige begrippe en vaardighede wat in die werktyd op ander maniere behandel word. Die kinders geniet dit gewoonlik baie.

Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Rekenaarprogram Wiskundekombinasies

Die rekenaarprogram se eerste paar vraestelle is baie eenvoudig. Dit begin by die kombinasies van 2 en 3 en vorder tot by al die kombinasies tot 20. As die vrae gedoen word in die gewone volgorde volg hulle logies opmekaar wat die kinders help om patrone raak te sien en in te oefen. Die vrae kan egter ook geskommel word om te sorg dat daar verder as 'n meganiese kennis gevorder word.

Die program word net so ook vir grade 3 tot 7 gebruik. Daarvoor is meer feite bygewerk wat 'n mens graag wil hê die kind outomaties moet ken soos 50% = ½, 'n 1/10e is 0,2 en andere. Die doelwitvel wat 'n mens daarmee saam kry, dui aan watter werk 'n mens van graad 2's kan verwag. Die idee is ook dat hulle in ouer grade sal oefen om die antwoorde al vinniger te kry.

Rekenaarprogram Ken jou tafels

Die program werk op dieselfde beginsel as die bogenoemde kombinasiesprogram maar is slegs vir die vaslegging van tafels bedoel. In graad 2 en 3 word tafels op verskillende maniere aangeleer. Om hierdie tafels goed vas te lê en ook vir jare vorentoe te hersien, is die program ideaal.

Uittreksel

Riglyne vir die gebruik van Kenweb se Aanvangsonderrig-graadhandleidings vir meer as een graad gelyktydig

Voorbeelde van situasies waarin hierdie werkswyse nodig is

'n Tuisskool met kinders in graad 1 en graad 3. Omdat aanvangsonderrig soveel direkte interaksie behels, is daar nie genoeg tyd om albei grade se werk aan te bied nie.

'n Klein skool met kinders in graad 1, graad 2 en graad 3. Omdat daar min kinders is, word dié drie grade saam geplaas, maar die onderwyseres het nie tyd om elke graad se werk afsonderlik te doen nie.

Kenweb se aanvangsonderrigpakkette vir graad 1 tot graad 3 is ontwerp om hierdie probleme grootliks te ondervang.

Vakke met een inhoud vir al drie grade

Die vakke wat hoofsaaklik mondelings gedoen word en bespreking vereis, is in 'n siklus van drie jaar beplan en word in een groep saam behandel.

Toepassing op die tuisskoolvoorbeeld hierbo met een vak, Bybelonderrig as voorbeeld
Jaar 1. U eersteling is in graad 1
Gebruik die graad 1 graadhandleiding. U begin volgens die handleiding met Bybelonderrig by Genesis 1.
Jaar 2. U eersteling is in graad 2
Gebruik die graad 2 graadhandleiding. U gaan volgens die handleiding in Bybelonderrig aan met Eksodus
Jaar 3. U eersteling is in graad 3 en die tweede een in graad 1
Gebruik die graad 3 graadhandleiding. U gaan volgens die handleiding in Bybelonderrig aan met
Jaar 4. U tweede kind is in graad 2
Gebruik die graad 1 graadhandleiding. U begin volgens die handleiding met Bybelonderrig by Genesis 1
Jaar 5. U tweede kind is in graad 3
Gebruik die graad 2 graadhandleiding. U gaan volgens die handleiding met Bybelonderrig aan met Eksodus
Wanneer albei die kinders dus met graad 3 klaar is, het elkeen al die werk gedoen, net in 'n verskillende volgorde.

Uittreksel

Hierdie beginsel geld net so vir die volgende vakke:
Afrikaans en Lewensvaardighede temas *
Engels
Kuns
Liggaamsopvoeding
Musiekopvoeding

* Die skryfwerk vir Afrikaans en die aktiwiteite vir Lewensvaardighede is so opgestel dat daar vir elke graad 'n aparte opdrag is om by sy vlak van ontwikkeling te pas, wat by die week se tema inpas.

Vakke met aparte inhoud vir elke graad

Die vakke wat op die kind se spesifieke ontwikkelingsvlak gemik is, kan egter nie ook in so 'n drie-jaarsiklus gedoen word nie. Daar is dus in die graadhandleidings vir elke vak spesifieke aanduidings van hoe en wat in elke jaar gedoen moet word. Indien u kinders in meer as een graad het, sal u die graadhandleidings vir elkeen van die grade benodig om die spesifieke inligting te bekom.

Hierdie beginsel geld vir die volgende vakke:
Afrikaans lees
Spelling en woordbou
Skrif
Wiskunde

Rekenaarprogramme

Vier van die rekenaarprogramme wat vir graad 1 tot 3 gebruik word, is telkens een program wat eenmalig aangekoop en elke jaar weer gebruik word. Daar is egter vir elke graad 'n ander doelwitvel wat gemik is op vordering en 'n groter natuurlike vaardigheid soos die kind ouer word.

Die vier rekenaarprogramme wat eenmalig gekoop word, is:
Visuele persepsie
Rekenaartik: Vinnige Vingers
Wiskundekombinasies
Ken jou tafels

Die ander rekenaarprogramme verskil elke jaar en 'n nuwe een moet vir elke graad aangekoop word. Hierdie programme is:
Afrikaanse sigwoorde: net vir graad 1 en 2
Engelse sigwoorde
Kenwebvaardighede
Spelling
Rekenaarwiskunde
Afrikaans: net vir graad 3
Engels: net vir graad 3

Hierdie rekenaarprogramme het elkeen hulle eie vakgids of doelwitvel wat die gebruik en indeling van die vak gee.

Dagprogram

Die dagprogram vir elke graad is so opgestel dat die vakke wat gesamentlik gedoen word, op dieselfde tyd val. Ook vakke waarvan die aktiwiteite verskil van graad tot graad soos Wiskunde en skrif val op dieselfde tyd want elke kind kan op sy eie aangaan. Waar daar egter spesifiek van die begeleier se aandag vir een graad benodig word, is gepoog om die werk, bv spelling en woordbou op verskillende tye in te pas. Die ander grade kan gewoonlik dan met 'n eie aktiwiteit aangaan terwyl die ouer/onderwyseres met een van die grade besig is. Die graad 3's het al meer tyd op die rekenaar nodig en daarvoor is ook tyd ingeruim as die ander grade met individuele werk besig is. Dit is soms goed om die graad 1's 'n bietjie vroeër huistoe te laat gaan, die graad 2's op hulle eie te laat aangaan sodat die werk in die Engelse en moontlik Afrikaanse handboek met die graad 3's behandel kan word.

Om dieselfde rede is die woordbou-aktiwiteite van die graad 3's op 'n ander dag en tyd as die ander twee grade s'n.

Uittreksel